
(1)


# Habari

Nuusbrief van die Oos-Afrika-
Vriendekomitee No. 9
Oktober 1981.

## Jambo Sana



Fairy Engelbrecht in sy Terraplain met die eeufees toer, Nairobi na Johannesburg



Saamgestelde foto van die kamp terrein, met tente, voor die feessaal met die eeufees in 1938 Plateau stasie is tussen die grootbosbome op die agtergrond.

Aangesien die Voorsitter Dr. Pieterse vanjaar oorsee is met verlof het die Ondervoorsitter vir ons 'n boodskap.

## BOODSKAP VIR OOS-AFRIKANERS.

Ons het hier geen blywende stad nie. Kyk maar hoe het u adresse deur die jare nie al verander nie ! So het ds Piet Grobler en gesin an 10 gelukkige jare ook uit Warmbad-Wes vertrek en is nou in Kloofsig, Verwoerdburg. As u by Kloofsig se robot stilhou, van die fonteinde se kant af, kan u ons kerk teen die bult sien - en daar is altyd koffie en 'n glimlag beskikbaar.
Met die begrafnis van Oom Jimmy Davies op Middelburg (1 Julie) het ek sterk onder die indruk gekom van drie dinge:

- die ou geslag is haas almal geroep tot hoër diens;
- die jonge geslag is nou al mense wat na pensioen se kant toe staan;
- die kinders het groot en onherkenbaar geword.

Oos-Afrika is vir al minder mense 'n herinnering, en vir al meer mense is dit geskiedenis.

Die fondament wat die huisgesin en die kerk in Oos-Afrika gelê het, was baie sterk, want u kan die vernederinge, ontberinge en aanpassinge vat en oorwin - u is mooi en gelowige en suksesvolle mense waar ons u raakloop. Laat ons trots wees op mekaar en op die Oos-Afrikaners wat hier in die Suid weer hulle voete gevind het.

Onlangs was ek en Betsie in Holland op besoek, en daar het ons lekker by ou vriende gekuier.

Arie Burggraaff (en Mien) - Hulle woon by die see in die dorp Zmuiden, Julianakade 106, en is gelukkig daar. In die woonstel is 'n huisorrel waar Arie vir Mien die Sarie Marais speel, en in die solder het hy 'n werkkamer waar hy skilder en fotos ontwikkel. Arie dink met liefde terug aan sy ou vriende en stuur vir hulle groete.

ds Jaap en Joni Tigchelaar - hulle woon in Putten, Drieseweg 43, in 'n pragtige bos-omgewing. Ds Jaap is senior leger kapelaan en ry die land deur. Hy besoek Kenia dikwels as verteenwoordiger van die Gereformeerde Zendingsbond, en vertel dat die werk van die Bwana Loubser Mission (Reformed Church of East Africa) baie goed vorder. D.V. sal hy in begin September by ons in R.S.A. op besoek wees.

In Frankryk het ons vir ds Chris en By Fourie besoek wat vroër by die van Riebeekskool was, en nou in Marseille sendingwerk doen. Hulle adres (ook vir bydraes) in R.S.A. is : Bus 2307, Dennesig 7601.

Ons groet u met liefde en baie mooi herinneringe.

Geniet andermaal 1981 se saamtrek - 3 Oktober 1981.

Ds Piet en Betsie Grobler
Florisstraat 363
Kloofsig
0140

## FOUNTAINS SAFARI 1981

Yes, the names of East Africa means so much and they conjure up so many memories, but first, a very present and immediate reminder. The 1981 Fountains Safari is just round the corner; to be specific, on SATURDAY 3 OCTOBER. For most of us it falls neatly into the school holiday so pack your picnic basket and come and enjoy the day among old friends and acquaintances from sunrise (or earlier) until sunset (or later) under the shady trees at the Fountains, Pretoria.

## KILIMANJARO OOS-AFRIKA

Kilimanjaro
Berg van my hart
Tussen jou seders
Kronkel die olifantspad

Hoog teen jou kruine
Waar jou eggo weerklink
Kristal helder strome
Wat hul pad altyd vind

Wit lê jou sneeu
soos 'n doek oop gesprei
van in eeu oue tyd
Deur Gods hand toeberei

Waar die berg-loerie roep
En die Kolobas speel
Waar die reuk van die mos
Jou betower en steel

Met heimwee van gister
in die hart van 'n kind
Dwaal ek dan terug
Met die sweet van die wind

Ver gaan ek dan weg
In my drome so soet
Tienduisend myl vêr
Om te speel aan jou voet

Mev. Maggie van der Merwe

## IN DIE BEGIN WAS DIT.

En het geschiede in den duister verlede, zo luide de verhaal van het geskied gescrywer, Scribanus.

Ja seker kan mens al sê dit was in die duister verlede, toe mens nog mens was, en dinges nog dinges. Nou drink mens uit 'n karton wyn en dinges drink uit 'n karton bier. Aflyding, die verskil bly maar daar. Ja in daardie dae het die onder bestuurder van Gailey en Roberts nog P.... ketels verkoop. "Ochei"!

Maar my relaas gaan eintlik oor boerdery in die ou dae, meeste op die Uasin Gishu Plateau, maar sluit ook ander dele van die beskawing in Kenya in. In die eerste aflewering - koring (later verder).

Sover vasgestel kan word, was die eerste koring wat op die Plateau geplant is Guyas van Australia, maar het weens roes gou tot niet geraak. Maar van die Italiaanse sendelinge naby Nairobi het Rietti ingevoer. Sogenaamd die ses en die nege maande Rietti. Die nege maande Rietti het op die Plateau 'n volle jaar gestaan, geweldig gestoel maar ongelukkig met die geringste windjie uitgewaai. Van die twee het laaste die langste gehou maar het ook gou weens roes verdwyn.

In 1908 het John de Waal met drie akker Fourie koring van Suid Afrika begin. Dit was dan ook die eerste jaar te pragtig maar in 1909 sit hy toe 60 akker in wat ongelukkig toetaal duer roes verwoes is.

In 1911 het N'joro met die hulp en aansporing van Lord Delamere met Equator te voorskyn gekom, en alhoewel hierdie koring aan alle vorms

(3)

van roes onderhewig was het dit tot 1960 gehou. 'n Pragtige koring op die land en vir baie lank 'n ou staatmaker. Later het daar in hierdie koring 'n baard koring te voorskyn gekom, en wat deur sekere boere uitgesoek en gesaai was en dan ook Baby Equator genoem was. Sekerlik die heel swakste brood koring wat ooit in Kenya gesaai was. Later het Lorrie Pohl ook een uitgesoek, heel waarskynlik dieselfde, en het hy dit Pohl's Plateau genoem, ook maar "blerrie" swak !

Saam met Equator was Golden Ball (van England, toe nog Great Britain), en saam met groot koring was dit op een tydstip al koring wat geplant was. Golden Ball en Groot koring, redelik na verwant, was harde Durham korings soos hulle genoem was, en baie gewild onder die Indiers vir die maak van tjupatis. Albie soorte het ook roes gekry maar het darem redelik gehou. Maar so om en by 1925 - 26 het N'joro twee ander soorte vir proefneming te voorskyn gebring naamlik No. 11 en No. 13. Die laaste een het uitermatige lang are gehad, soms tot nege duim, maar was die saad korrels so vêr uitmekaar dat dit baie swak geskiet het en gou nie meer gesaai was nie. No. 11 het redelik gehou. Maar toe kom Kenya Govenor en Burbank. Die laaste van Australia en na die plant teel deskundige, Burbank, vernoem. Nou eers het die koring bedryf begin koers kry, ook met die koms van Marquis het dit 'n stootjie gekry. Maj. Knapman het dan ook met Marquis die eerste plek op een van die Eldoret skoue verower. Sy sak Marquis het 68 lb. die "bushel" geweeg, en sover bekend die hooste ter wêreld vir daardie tyd. Die "bushel" maat was altyd op enige skou gebruik om koring en mielies finaal te toets vir beoordeling.

Seker van die beste koring soorte wat van die N'joro proef stasie gekom het was die volgende bekendes, NB 230, 58 F, 294, 1066 en later ook 363. Ek het self 'n paar are van 294 gehad wat oor die 140 korrels ook gehad het. Alhoewel daar 'n menigte ander soorte was soos Kentana Yaqui en die so genoemde voel soorte, almal na Kenya voëls vernoem, was bo gemelde die beste. Menigte soorte is ook van Kanada en Noord en Suid Amerika ingevoer waaronder Regent seker die heel beste was wat ooit in Kenia geplant is. So het ons dan ook nog Sabenero, 'n ou staatmaker maar wat nie goed geskiet het nie, gehad. Eers in die laat vyftiger jare is Veranopolis geplant. Seker die mooiste koring op die land as dit ryp word, maar nie juis van die beste vir brood nie. Van uit Tanganyika het Oom Kerneels Stieger 'n koring genoem na Gen. von Lettow Verbeck, naamlik von Lettow, gebring. 'n Koring met pragtige dik are, en bestand teen omval, maar soos baie ander ook maar nie bestand teen roes nie.

Van die eerste ploee wat gebruik was onthou mens die ou Bluebird, en die out 75. Later is 'n hout balk ploeg van Amerika ingevoer, waarvan ek nie die naam kon vasstel nie. Daarna kom die Bradley en die Columbia en die een voor Ajax en die swaar twee skaar Prince.

Maar wie onthou nou nie meer die geliefkoosde ou Jumbo nie. Ja die ou een voor wat so baie braak werk gedoen het en mens nooit in die steek gelaat het nie. Van al die skaar ploeë was die drie skaar Flying Dutchman seker by ver die beste. "Een wat waragtig ploeg" soos die Hollanders sou sê. Van die skottel ploeë was van die eerstes die Conquerer en toe die Key Conquerer en toe die goeie ou swaar Hercules. Seker die beste van al die skaar os ploeë was die Massey Harris, Mzuri Sana !


Ja eers moes al die koring met die hand gesaai en in ge-eg word, met die hand gesny en in miedens gepak, om dan later op die dors vloere deur osse uitgetrap te word, uitgewaai in die wind, wat dan altyd meer of min besig was om sy eiers te lê. Praat nie van al die klippies en stukkies mis wat moes verwyder word nie. Geen wonder dat alles maar op 'n baie beperkte skaal was nie. Dan was dit met die ou Colonist handmeule gemaal. So een tot een en 'n half sak per dag,

Alla soe !

# 'n Bladsy uit die album van Ds. Dednam.



Met die eerste opmeting van die terrein waar die feessaal gebou is te Plateau in 1936. Voor staan Oom Frikkie Erasmus van Plateau wat die kontrak gehad het om die gebou op te trek.



Dingaansfees Broederstroom Kenia

Die feessaal van binne met geinterisseerde aandagtige toehoorders.



In Gedeelte van die Laer naby die Feessaal, vanaf die feessaal geneem.

Dingaansfees Eeufees Kenia.




Dingaansfees Kenia

15 Desember 1937.

Dames wat kompeteer om die gouste 'n bottel met 'n piering vol water te gooi.

Frikkie Erasmus.



Die Governeurgeneraal sluit die deur oop.   Sy woorde toe die deur oop gaan was:   "Gosh but this is beautiful".



Die verhoog in die feessaal met die inwyding.  Die tafel en die voorsitterstoel op die voorgrond, wat geskenk is deur die S.A. verteenwoordiger in Nairobi.

DOM JIMMY DAVIES - OORLEDE 28 Junie 1981

Skets deur sy oudste seun Jim Davies.

In Memoriam

My Vader wat nou in die ouderdom van 86 jaar oorlede is het as 13 jarige seun in Kenia aangeland, as deel van die Van Rensburg trek wat in 1908 by Mombasa aan wal gestap het. My oupa, ook Jim het uit die Bethal streek in Oos Transvaal gestam en as gevolg van die swaar wat die Boere-oorlog hulle nagelaat het, het hy en twee broers Tom en Kerneels hulle met hul gesinne by Oom Jan van Rensburg en sy trek na Kenia aangesluit.

My Oupa het hom op 'n stuk grond aan die westelike hange van Sergoit kop gevestig. Hulle was baie arm en my Vader se skooljare was vir altyd verby (Std. 3 het hy gemaak) en hy moes op daardie jong ouderdom saam met Oupa uitspring om die latere 12 broers en susters aan die lewe te hou. Hulle het van Maandag tot Saterdag klipkrale vir hulle meer vermoende bure gebou. So 'n kraal het ek self nog gesien op die Cloetes se plaas. Tot betreklik onlangs nog kon my Vader met 'n oogopslag vasstel watter klip waar sal pas.

Met die uitbreek van die eerste wêreld oorlog is hy opgeroep vir militêre diens en hy en 'n klompie makkers het opgetree as "Skouts", soos hy dit bestempel het, vir die Suid-Afrikaanse magte teen Von Lettow Vorbeck se Askaris.

Na die oorlog begeef hy en ander van die Uasin Gishu boere hulle op die transport pad.

Toe kom die depressie en Mammie het by tye nie geld gehad om 'n seël vir 'n brief te koop nie. Pap en 'n bietjie vleis was ons stapelvoedsel. Gedurende hierdie swaar tyd het hy en sy broers gaan goud delf in die omgewing van Kakamega. Toe ontdek hulle 'n rif met goud-draende erts, en 'n goud myntjie is in wording. Die verkoop hulle toe en koop 'n groot plaas by Nandi Border. Die is toe onderverdeel tussen die vier broers en daar het Pappie gebly en vooruitgeboer tot en met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1961 as gevolg van Uhuru in Kenia.

Vandat ek kon onthou het Pappie bykans elke Sondag sy swart manelpak aangehad, en selfs ek as jong kind het geboei geluister na sy eenvoudige maar innige boodskappe wanneer hy met wyksdienste of in die kerk dienste moes waarneem. Vir lank was hy ook Sondagskool onderwyser en later Sondagskool Superintendent. Hy het 'n pragtige tenoorstem gehad en was Tant Frieda van Heerden se steunpilaar in die Kerkkoor. Werklik dink ek nie die N.G. Gemeente van Vergenoeg sou dieselfde gewees het sonder Oom Jimmie nie.

---

EDWARD HUGO DE WAAL - GEBORE 23.10.1892 PRETORIA
OORLEDE 16.4. 1981 WARMBAD

' Huldeblyk deur sy seun Hugo.

Hy het in Pretoria gewoon en skoolgegaan, te Pretoria Boys' High tot 1908, toe sy vader en gesin na Kenia getrek het. Hulle het in 1908 op die plaas 'Riverdale' gaan woon (genoem na hulle grond Riverdale in Pretoria). Daar het my Pa gebly tot en met die 1914-18 oorlog. Hy het in Tanganyika en Kenia diens gedoen in die Bellfield Scout , en die rang van Luitenant gehad. Na die oorlog tree hy in die huwelik met Frolie Cloete van Concordia , en vestig op die plaas 'Spes Bona' langs 'Riverdale'. Soos baie ander het hy 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van 1964 (later Eldoret).

Met die maer jare van die 30's het hy ook 'n tyd in Kakamega goud gaan soek.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het daar in Kenia 'n groot poging ontstaan vir die produksie van meer koring en mielies. Hier was hy van die begin af betrokke by die formulering van die leningstelsels

vir plaasboere, die 'Guaranteed Minimum Return' stelsel sodat 'n plaasboer na 'n misoes maar kon aanhou. Hy was voorsitter van die Elgayo Border Production Committee, hy het tot in die laat vyftiger jare daarin gedien. Hieraan is baie dae deurgebring met vergaderings, kantoorwerk en die besoek van plase. Sy objektiewe en optrede was goed bekend.

Gedurende die 2de Wereld Oorlog het hy ook in Elgayo Border die betrokke tak van die Kenya Defence Force gelei. Die drillery by die 'Black Wattle' bome by die Feesssaal tussen die miershope het 'n hele bymekaarkom-geleentheid geword!

Vroeg in 1962 het ons na Suid-Afrika verhuis nadat die plase Riverdale and 'Spes Bona' verkoop is.

Op 16.4.1981 is hy toe oorlede in Rusoord te Warmbad. 'n Energieke lewenslustige, vrugbare lewe.

---

<u>Ander wat tot hoër diens opgeroep is ......</u>

Oom <u>Johannes du Preez</u> het in 1936 Kenia toe getrek. Hy is daar met Gertruida le Roux getroud. Hy het op Hajis Drift gewoon en is in 1960 met sy familie terug na die R.S.A. waar hy vir 'n tyd op Bethlehem geboer het. Daarna is hulle na Tsumeb in S.W.A. waar hy ook hekwag was by die Namatoni hek van die Etosha panne vir 2 jaar.

Oom Johannes is 14 Oktober 1980 oorlede en is op die familie plaas (Verdriet) naby Kestell begrawe.

Oom Johannes se enigste seun <u>Paul</u> is op 2 April 1981 oorlede na 'n motor ongeluk in S.W.A. en is op Tsumeb begrawe.

J.P. le Roux

---

<u>Akie Cloete</u> is laas November oorlede. Frans Cloete se vrou.

<u>Baas van Dyk</u> is in Junie 1981 oorlede

<u>Hans Klopper</u> is oorlede in die ouderdom van 70 jaar.

<u>Hennie Klopper</u> was 81 toe hy oorlede is.

<u>Felix van Heerden</u>, seun van tant Freda is op Warmbad oorlede.

<u>Hannetjie Wessels</u> vrou van Kobus Wessels is op Sabie oorlede.

<u>Sannie Mclean</u>;

<u>Frans Smit</u>,

Een van die <u>Meintjies Broers</u>.

Ons kan net die name publiseer wat aan ons bekend is. Dus as julle weet van iemand, dan sal ons dit waardeer as julle kan bel of skryf.

# Kom ons gesels ........

Baie dankie aan al die mense wat so mooi gereageer het op al die vrae in my laaste brief. Daar is darem al 'n massa inligting in ons kabinet. Moet net nie ophou skryf nie, nog stories, sê goed, N.B → foto's en enige iets van historiese belang, al lyk dit hoe gering. Mense glo mos hulle deel is nie die moeite werd om genoem te word nie, maar onthou dis altyd deel van 'n groter geheel. Dus moet nie bang of LUI wees nie. Skryf of praat op 'n band, ek sal uitsorteer. Dit lyk of the taak nog twee volle jare sal neem, dus as alles goed gaan en volgens plan verloop, behoort dit afgehandel te wees teen die einde van 1983.

Ons publiseer die name van mense wat gedurende die jaar oorlede is en indien moontlik so 'n ietsie oor hulle. Ek kan dit net doen as die mense inskryf en vertel, 'n poskaart of agter op 'n koevert is genoeg. Dus weer; SKRYF aan ons. (Lyk my mense het vergeet hoe om te skryf).

Laas het ek gevra hoe het Vergenoeg aan die ou orreltjie gekom en niemand kan my sê nie. Is daar geen inligting oor die orrel beskikbaar nie?

Ds. Loubser het by geleendheid geskryf in die Kerkbode, "de trouwlustigheid is hier even pestilentieel als in die Transvaal". Klink vir my hy was moeg vir troues. Wie het nog van sy, of enige iemand anders, sêgoed?

Alban Mitford Barberton (hy is nog in Kenya-Kitale) skryf van die Engelse in Kenya destyds "The white population up here were always very interesting and quite a lot of British upper class came in, some with titles. The desire to be "somebody" with the British is a national trait - so you saw on farm name boards the military titles they'd won in the war, "captain" or "major" or "Colonel" etc. You'll remeber "Admiral" Crampton ! " Hy skryf verder oor die Engels-Afrikaanse verhouding in baie interessante detail. Wie kan nog iets daaroor sê?

Tanganyika mense is teen die tyd seker al kwaad vir my want ek skryf so min van hulle. Ek het mooi lang briewe van die Landgrebes gekry en sal dele daarvan volgende jaar publiseer, maar hoe lyk dit met daardie geharde ex-Tanganyikers; skryf asseblief??

Adresse word 'n probleem. Mense verhuis, hulle laat niks weet nie, dan is hulle verlore vir ons. Skryf asseblief en sê?

Die opinie is uitgespreek dat die byeenkoms 'n Transvaalse byeenkoms is, en ander mense het nie belang nie. Gee voorstelle asseblief?

Groete

Dawie Steyn,
Settlers Agric. High Sch.,
Pk. SETTLERS.
0430.

N.S. Dankie aan Oom Sonnie Cloete vir sy bydrae oor die koring en die ander wat gehelp het.